## PERSVERKLARING OOR GOLD LEAF TOBACCO

**Tshwane, 26 Augustus 2022** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die bevel deur die Noord-Gautengse Hooggeregshof wat 'n bewaringsbevel toestaan ingevolge artikel 163 van die Wet op Belastingadministrasie, nr. 28 van 2011, teen Gold Leaf Tobacco Corporation en sy direkteurs, mnre. Rudland en Adamjee. SARS het die afgelope jaar ondersoek ingestel en toegeslaan op die onwettige ekonomie, met fokus op die tabak-, goud- en brandstofindustrië, en hierdie is een van menige wetstoepassingstappe deur SARS uitgevoer.

SARS span sy vermoëns in om nienakoming van wettige belastingverpligtinge duur en moeilik te maak vir diegene betrokke by kriminele optrede. Die bewaringsbevel is verkry om te verhoed dat realiseerbare bates verdwyn en dus die invordering van belastings frustreer.

"Die optrede van nienakomende belastingpligtiges ontneem die regering van regmatige hulpbronne tot die nadeel van beide die staat en die Suid-Afrikaanse publiek. Met aggressiewe aanspreek van hierdie kastyding, sal SARS volhou met die nastreef van sy mandaat sonder aansien des persoons", het SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter gesê.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.